Hoërskool
LADYSMITH
High School

1906 - 2006

Telefoon : (036) 637-7091/2
Telephone : (036) 637-2221/2

Faks/Fax : (036) 637-2531
E-mail : info@lhs.co.za
Website : lhs.co.za

Posbus 33 / P O Box 33
LADYSMITH
KwaZulu-Natal
3370

31 Maart 2015

Geagte Ouers

Dit is moeilik om te glo dat ons werklik reeds die einde van die eerste kwartaal bereik het. As skoolhoof voel 'n mens bevoorreg om deel te wees van so 'n toegewyde personeelspan. Hulle beïndruk elke dag met hul sin vir verantwoordelikheid, integriteit en bereidwilligheid om die ekstra kilometer saam met die leerders van die skool te stap, asook om hul kollegas te ondersteun om sodoende die hoë standaarde te handhaaf waarop ons trots is.

Die onverwagte en skielike afsterwe van een van ons kollegas, mev S Cele, is 'n groot terugslag vir ons. Ons wil weereens ons medelye oordra aan haar familie en vriende en dan ook van hierdie geleentheid gebruik maak om aan enige iemand anders wat die afgelope tyd 'n familielid of vriend aan die dood afgestaan het, ook ons innige medelye oor te dra.

<u>Beheerliggaamverkiesing</u>:
Hoërskool Ladysmith is een van min skole in die land waar daar op die eerste nominasie en verkiesingsvergadering 'n kworum teenwoordig was om sodoende die verkiesing te laat plaasvind. Weereens baie dankie aan elke ouer wat die moeite gedoen het om die vergadering by te woon en 'n verantwoordelike stem tydens die verkiesing uit te bring. Die volgende ouers en personeel is vir die volgende 3-jaar termyn verkies:

Mnr B Khumalo:	Voorsitter
Mnr D Potgieter:	Ondervoorsitter
Mnr H Lombard:	Tesourier
Mnr H Clark:	Sekretaris
Mnr E Kubheka	
Mnr V Moodley	
Mev DS Ndaba	
Mnr D Steele	
Mev M Taljaard	
Mnr H van Zyl	
Mnr A Maitland	
Mnr D Terblanche	
Mev T Uys	
Paul Gibson	(VLR)
Elske Rich	(VLR
Siobhan Taljaard	(VLR)

Baie geluk aan die lede wat verkies is en ons glo en vertrou dat hulle elke kind/leerder se belange op die hart sal dra. Dankie ook aan die uittredende voorsitter, mev T Muller, en lid mnr M Riga, vir hulle ondersteuning die afgelope jare.

Akademie:
As gevolg van omstandighede buite ons beheer moes ons die toetsreeks aanskuif en dít het weer tot gevolg gehad dat die nasien van toetse en die invoer van punte baie druk op die stelsel geplaas het. Rapporte sal dus eers aan die einde van die eerste week in die tweede kwartaal gereed wees. U moet asseblief die uitslae met u kind bespreek en die nodige afspraak maak indien u met die betrokke graadhoof oor u kind se vordering wou praat.

Sport en kulturele aangeleenthede:
Baie geluk aan al die swemmers wat gekies is om aan die verskillende swemgalas en ope waterkampioenskappe deel te neem. Verskeie tennisspelers het goed presteer en hul insluiting in die NKZN en KZN-spanne is voorwaar ‘n prestasie. Tydens die KZN kampioenskappe het die atlete ook goed vertoon, maar die finale uitslae is nog nie bekend nie. Die wintersportprogram het alreeds begin en van die eerstespanne het alreeds wedstryde gespeel en aan toernooie deelgeneem. Ons wens al die toerspanne alles van die beste toe vir die komende vakansie se toerwedstryde en toernooie.

Die Engelse junior Spraak en Drama het reeds plaasgevind en daar is goeie terugvoer gekry oor die deelname daaraan. Die isiZulu Spraak en Drama vind in die tweede kwartaal plaas en van ons senior leerders is hard besig om te oefen vir die “Romeo en Julie” toneelopvoering wat ook in die tweede kwartaal op die planke gebring gaan word. Maak gerus gebruik van die skool se webbladsye vir meer inligting en nuus.

Die skool is eerstens ‘n akademiese inrigting en om akademies goed te kan presteer, moet streng, regverdige en konsekwente dissipline by die huis, sowel as by die skool, die norm wees. Ons dank gaan aan die leerders en ouers wat hul volgehoue ondersteuning gee om die skool een van uitnemendheid te hou. Indien ‘n leerder **afwesig** is van skool moet die prosedure gevolg word soos dit uiteengesit is in die gedragskode. Alle **assesseringstake** en **projekte** moet op die **gegewe datums** ingegee word om te voorkom dat punte verloor word.

Die skool is afhanklik van die inkomste wat skoolgeld inbring. Ouers moet asseblief gebruik maak van die fasiliteite wat die skool beskikbaar stel om die betaling van skoolgeld te vergemaklik.

Ons wens u en elke familielid ‘n aangename vakansie en paastyd toe en spreek die hoop uit dat dit net mooi herinneringe sal nalaat.

Vriendelike groete

JC PIETERSE
SKOOLHOOF